# GEDRAGSKODE

## LAERSKOOL BASTION GR R - 7

Die personeel het verskeie vergaderings gehou ten einde eenvormigheid ten opsigte van gedrag en gepaste reëls vir goeie gedrag en orde, te verseker.

Die skoolreëls, soos by toelating aanvaar, geld nog en sal van krag bly – dit is so deur die Beheerliggaam goedgekeur.

Ons het dit egter nodig gevind om sekere gedragspatrone wat irriterend en onaanvaarbaar vir goeie dissipline is, te identifiseer.

Mooipraat en/of uittrap is nie genoeg om kinders te help vorm nie.

Oortredinge is gekategoriseer, asook ‘n stelsel ontwerp waarvolgens waardes beklemtoon word. By herhaalde oortreding waar genoeg punte geakumuleer wordsal ‘n brief aan die ouers gestuur word.

Leerders moet aangemoedig word om die korrekte gedrag na te streef om sodoende punte te vermy. Hierdie maatreëls is daarop gemik om die verlangde gedrag vas te lê. Aanprysingsmeganismes, soos mooi opmerkings en spanpunte, ter aanprysing word ook gebruik.

Nadat ‘n leerder 30 punte geakumuleer het, sal daar ouerintervensie plaasvind tussen die opvoeder en die ouer/voog. Die Graadhoof sal ook in kontak wees met die ouers van die leerder. Die dissiplinêre-komitee sal slegs die leerdeer en ouers inroep as die leerder 60 punte beruik.

**PROSEDURE**

1. Elke KLASOPVOEDER gebruik die D6 sisteem vir dissipline.
2. Gedurende die loop van die week kan enige leerarea-opvoeder insidente op die kind se D6 gevalleblad aanteken.
3. Die dissiplinehoof ontvang daagliks die punte en stel dit dan vry aan die ouers. Hulle onvang ‘n epos van die skool met dit punte en redes.
4. Nuwe punte inskrywings begin elke kwartaal.
6. Klasopvoeder moet geen rekords egter vernietig nie en kan:
7. Ouers teken briewe wat deur die D6 uitgestuur word en leerders besorg dit terug aan die klasopvoeder.

## ERNSTIGE WANGEDRAG:

Die kind se naam sal aan die Beheerliggaam voorgelê word, wat kan besluit om ingevolge die regulasie wat handel met dissipline, skorsing en uitsetting van leerders in Publieke Skole in die WesKaap bepaal word (PG nr 6939 gedateer 15 Desember 2011).

1. Tydelike skorsing van een week;
2. Aansoek om skorsing met as alternatief, oorplasing na 'n skool wat bereid is om sodanige oortreder te neem.

Die WKOD-Onderwyshoof behou die finale seggenskap oor laasgenoemde reëling.

Laastens, LYFSTRAF, in watter vorm ook al, IS TABOE, by skole.

## POSITIEWE AANMOEDIGING

### AANPRYSING

1. Opmerkings in boeke
2. Sertifikate, briewe
3. Aangename takies na goeie gedrag
4. Bring goeie werk onder die hoof of adjunkhoof se aandag
5. Punte vir die span
6. Goeie gedragknopie
7. Sertifikaat by Prysuitdeling.
8. Ons het positiewe erkenning op die D6 ingestel. Leerders verdien punte vir goeie gedrag, ens. Sodra die leerder 'n totaal van 10 bereik sal daardie leerder 'n brief ontvang wat sy/haar ouers in kennis stel van die leerder se goeie gedrag. Die leerder die volgende Vrydag "civvy" klere kan dra. Hierdie goeie gedrag kan ook beloon word met 'n waardebalkie. (sien waardebalkies beleid)

### MOONTLIKE REGSTELLENDE AKSIES

1. Waarsku, bespreking
2. Uitskryfwerk waarby leerder iets leer
3. Afspraak met die hoof (Strafregister)
4. Skakeling met ouers
5. Detensie
    - tuiswerk
    - strafwerk (navorsing, vraelyste, ens.)
    - stil sit vir 1 uur (nie Grondslagfase nie)
6. Ontneming van spanpunte in klas.

### FISIESE TAKE

1. Terrein help skoonmaak – klasse vee, papiere optel, tennisbaan skoonmaak
2. Blootstelling – versigtig – ken eers ouers
3. Briewe aan ouers

### MAAR VIER DINGE GLAD NIE (TABOE)

1. Geen kind staan buite die klas nie
2. Waak teen die tennisbaan omsirkel
3. Nie pouse inbly nie, behalwe as
    - onderwyser in klas agterbly
    - kind eers toilet toe gaan
    - kind kans kry om sy brood te eet

### SOORTE STRAWWE – WENKE

1. Mooi praat, raas, waarsku
2. Uitskryf
    - Antwoord van 'n stel vrae (bv. by Grondslagfase)
    - Vertaling van poësie/prosa van Afrikaans na Engels en omgekeerd (Die twee

onderrigtale van Bastion)
- Skrywe van opstelle en/of briewe
- Bestudering van ‘n inhoudsvakhoofstuk en die opstel van 20 vrae en antwoorde daaruit
- Sketse, dekorasie, ens.

3. Bly in klas pouse of na skool met inagneming van die voorgeskrewe voorsorgmaatreëls

4. Skoonmaak van die skool deur
   - lokale of gange te vee
   - papiere optel
   - vuil mure skrop
   - banke / lessenaars skoonmaak

5. Onthou!
   - wat jy breek, moet jy regmaak of vervang
   - jy moet skoonmaak waar jy gemors het
   - wat jy gesteel het, gee jy terug, of vervang dit, of betaal daarvoor
   - wanneer jy onbeskof was, vra jy om verskoning

6. Toepaslike ander opvoedkundige maatreëls deur onderwyser gebruik

8. Wegneem (tydelik) van voorregte soos bv deelname aan buitemuurse bydrywighede

9. Ouers sal geskakel word wanneer die onderwyser en/of skoolhoof dit nodig ag.

10. Skorsing
    - tydelik
    - permanent (plasing)

**D6-dissiplinêre sisteem**

Dissiplinêre erkennings, oortredings, vlakke en prosedures wat gevolg gaan word.

# Oortredings

| Gr R |
|---|
| **- 1** |
| Boeliegedrag – teiken dieselfde leerder<br>Oneerbiedig teenoor die opvoeder/assistent – praat terug<br>Woede-uitbarsting<br>Versprei lelike/skindergerigte oor ’n leerder<br>Speel/skree in badkamers<br>Breek/vernietig speelgoed binne of buite die klaskamer<br>Diefstal<br>Oneerlik/jok wanneer gekonfronteer word<br>Spot/tart leerders<br>Hardloop/speel in gange<br>Beledig opvoeder/assistent<br>Vloek<br>Soen leerder(s)<br>Speel “boyfriend/girlfriend”-speletjies<br>Skree en gil<br>Swak badkamer-gewoontes – bv. gooi toiletrolle in toilet<br>Trek leerder se broek af<br>Onvanpaste gedrag<br>Speel “veg-veg”-speletjies |
| **Grondslagfase** |
| **- 1** |
| Volg nie instruksies nieSteur klas terwyl klasgegee word<br>Hardloop in klas/gangeOnvoltooide huiswerk<br>Speel rof op speelgrondeLaatkom by rye<br>Boeke nie by skoolTaakvoltooiing in klas ’n probleem |
| **- 2** |
| Onaanvaarbare gedrag in klas<br>Onaanvaarbare gedrag tydens pouse/voor skool |
| **- 3** |
| Disrespekvol teenoor opvoeder/internMors in badkamer<br>Woede-uitbarsting gedurende skooltydSpeel in badkamer |
| **- 5** |
| Boelie-gedragBreek speelgoed<br>Opsetlik kinders seermaak/slaan/skop/boksBreek toerusting – buitespeelarea<br>Beskadig skooleiendomVloek<br>Is oneerlik/jokOnaanvaarbare gedrag – seksueel<br>Herhaaldelik oneerlik, versuim om verantwoordelikheid vir dade te aanvaar |
| **- 10** |

| |
|---|
| Steel/neem ander se besittings |

| **Gr 4 - 7** |
|---|
| **- 1** |
| Verantwoordelikheid |
| Laatkom by skool/sport/klasRondloop sonder toestemming<br>Tuiswerk nie gedoen/vergeetTaakvoltooiing in klas 'n probleem<br>Vergeet LO-klereGereeld nie skryfbehoeftes nie<br>Boeke nie by skoolLos gereeld boeke by die huis<br>Onwillige deelname/samewerking in klasBoeke/toetse nie geteken nie<br>Versuim om briewe terug te bring skool toe |
| Integriteit |
| Wangedrag in ryeWangedrag gedurende saal<br>Kougom kouNaellak op naels<br>Gly by relings van trappe af |
| Respek |
| Speel tydens klastydGedurig uitskree in klas<br>Verkeerde juweliersware by skooldragTerugpraat |
| **- 2** |
| Verantwoordelikheid |
| Verkeerde kleredrag |
| Respek |
| Praat onophoudelik in klasSteurnis vir klasmaats/opvoeder<br>Opvoeder treiterRommelstrooi<br>Luister nie vir prefekte nieAfskryf van huiswerk |
| **- 3** |
| Verantwoordelikheid |
| Daag nie op vir wedstryde/kompetisies/byeenkomste nie<br>Strafwerk nie gedoen nie |
| Integriteit |
| Gebrek aan selfbeheersingVloere bemors<br>Toiletrol in toilet gooiGooi toiletpapier teen dak<br>Onaanvaarbare sosiale vaardighede teenoor leerders/opvoeders |

| **- 5** |
|---|
| Verantwoordelikheid |
| Onaanvaarbare seksuele gedrag/taal/gebare |
| Integriteit |
| Ongehoorsaam en luister nie na opdragte nieSkryf/krap op banke/mure<br>Verlaat skoolterrein sonder toestemming Baklei op skoolgronde<br>Oneerlik in toetsJok vir opvoeder |

| |
|---|
| Klim oor heining van skool |
| Respek |
| Boeliegedrag teenoor ander leerders Bedreig veiligheid van ander<br>Skending van menseregte (bv. reg tot onderwys) |
| **- 15** |
| Verantwoordelikheid |
| “Bunk” skool (stokkiesdraai) |
| Integriteit |
| Vape/rook gebruik op skoolgronde<br>Dwelms of drank by/gebruik op skoolgronde<br>Video’s/foto’s neem met selfoon sonder toestemming<br>Skerp voorwerpe/messe by skool<br>Diefstal |

## Erkennings

| |
|---|
| Gr R |
| **+ 1** |
| BehulpsaamVerantwoordelik<br>Verbetering in gedragVerbetering in werk<br>Toon trots in sy/haar werkToon respek<br>Goeie maniereDink kreatief<br>Is ’n goeie maat vir anderProbeer sy/haar bes<br>Goeie taalgebruikKom betyds skool toe<br>Deel komplimente uitYwerig om te leer<br>Lewer konstant goeie werkGehoorsaam |
| |
| Gr 1 – 7 |
| **+ 1** |
| Akademies |
| Lewer deurgaans netjiese werkGee altyd sy/haar bes |
| Algemeen |
| Was besonders fluks en hulpvaardig |
| **+ 2** |
| Akademies |
| Het besonders goed in sy/haar toets gedoenLewer deurgaans goeie werk<br>Toon groot verbetering in werkToon groot verbetering in gedrag |
| Algemeen |
| Het integriteit in klasKom op vir ’n leerder<br>Gee om vir anderToon respek<br>Tree verantwoordelik op |
| **+ 3** |

| Algemeen |
| --- |
| Is ’n uitstaande leerder in drag en gedragToon voortdurend goeie maniere |

**Prosedures**

- Vlak 1 oordredings word deur die klasonderwyser self hanteer,
- Dit word opgelaai op D6 en dan deur Me S Oosthuizen op daardie dag “release”
- Vlak 2 oortredings word deur klasonderwyser hanteer en opgelaai waarna Me S Oosthuizen dit op daardie dag sal “Release”.
- Word ook aan Graadhoof deurgegee sodat die persoon met leerder kan praat en indien nodig die ouers kan skakel.
- Vlak 3 en 4 oortredings word deur onderskeidelik Mnr Oosthuizen (seuns) en Me Oosthuizen (dogters) hanteer en opgelaai. Ouers sal ook geskakel word en ‘n brief word gestuur om ouers in te lig van wanneer hulle moet inkom om met dissiplinere kommitee te vergader.

**Wanneer die leerders die volgende totale bereik word briewe aan die ouers gestuur:**

+10 Brief 1: Algemene brief wat ouers inlig dat leerder baie goed doen by die skool. Die leerder sal ook vir Mr H van den Bergh besoek en ‘n klein beloning ontvang.

-10 Brief 1: Algemene brief wat ouers inlig dat leerder gereeld oortree. (alle oortredings is gelys)

-30 Brief 2: Wat ouers inlig dat hulle saam met hul kind die Dissiplinêre Kommittee moet kom sien. (alle oortredings gelys)

-60 Brief 3: Ouers word ingelig dat hulle en hul kind voor die Beheerliggaam moet verskyn. (alle oortredings gelys)

**LAERSKOOL BASTION**

**DATUM: _______________**

__________________________________ verdien prys, aanmoediging, beloning, want hy/sy

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Het besonder goed in sy/haar toets/module/werk gedoen | |
| 2 | Was vandag besonder fluks en hulpvaardig | |
| 3 | Is ‘n uitstaande netjiese leerder in drag en gedrag | |
| 4 | Toon die afgelope tyd groot verbetering in werk en gedrag | |
| 5 | Was hierdie week ‘n uitstekende klasleier | |

**LAERSKOOL BASTION**

**DATUM: ___________________**

_________________________________ het hom/haar aan die volgende misdryf/we skuldig gemaak.

| | |
|---|---|
| Herhaaldelik nagelaat om tuiswerk te doen | |
| Toets gedruip | |
| Het baklei op die skoolgrond | |
| Is baie praterig in die klaskamer | |
| Is skuldig aan wangedrag in die rye | |
| Het herhaaldelik boeke/modules by die huis/skool vergeet | |
| Het vuil taal gebruik | |
| Het moedswillig skooleiendom beskadig | |
| Verkeerde kleredrag en/of algemene voorkoms | |
| Ondermyning van gesag | |
| Probleme met gereelde skoolbywoning | |
| Kom gereeld laat | |
| Herhaalde pligsversuim | |
| ANDER | |

LAERSKOOL **BASTION** PRIMARY SCHOOL
DAAGLIKSE VERSLAG /*DAILY REPORT*

LEERLING: ______________________________ VAN: ______________ TOT: _________
PUPIL: FROM: TO:

| Weeksdae / Week days | *Mon* / Ma | *Tue* / Di | *Wed* / Wo | *Thu / Do* | *Fri* / Vry |
|---|---|---|---|---|---|
| Periode 1 | | | | | |
| Periode 2 | | | | | |
| Periode 3 | | | | | |
| Periode 4 | | | | | |
| Periode 5 | | | | | |
| Periode 6 | | | | | |
| Periode 7 | | | | | |
| Periode 8 | | | | | |
| Periode 9 | | | | | |
| Periode 10 | | | | | |
| Periode 11 | | | | | |

## **LAERSKOOL BASTION:** SKOOLWERK/GEDRAG

U kind, ______________________________ weier om

- mondeling te praat ______ ______________________________
- 'n taak in te handig/te doen ______ ______________________________
- sy/haar huiswerk te doen ______ ______________________________
- werk in klas te doen ______ ______________________________
- hom/haar in klas te gedra ______ ______________________________
- opvoeders te respekteer ______ ______________________________

**AKADEMIE**:
Deurlopende evaluering vereis werk dwarsdeur die jaar. As u kind nie sy/haar samewerking gee nie, gaan hy/sy geen punte vir hierdie werk ontvang nie.

**GEDRAG**:
'n Skool/klas is 'n plek vir opvoeding. Sonder u hulp kan ons nie hierdie doelwit bereik nie.
U kind moet gedissiplineerd optree, sodat sy/haar gedrag aanvaarbaar vir almal om hom/haar is.

Dit is my plig om u in kennis te stel wanneer dinge by die skool verkeerd loop.

| ***GRADERING VAN OORTREDINGS*** | | |
|---|---|---|
| ***GRAAD A: OORTREDINGS WAT STRAFBAAR IS*** | ***GRAAD B: HERHAALDE GRAAD A*** | ***GRAAD C: OORTREDERS DIREK NA HOOF OF ADJUNKHOOF – TEKEN AAN IN HOOF SE STRAFBOEK OF IN GRONDSLAGFASE NA DEPARTEMENTSHOOF*** |
| 1. Laatkom by skool, klas, sport of saal.<br>2. Tuiswerk nie gedoen of vergeet.<br>3. Vergeet van L.O.-klere, afskeurstrokies of boeke.<br>4. Geselsery in klas, saal of rye<br>5. Slordigheid ten opsigte van persoon, gedrag of werk.<br>6. Swak maniere, uitskree, rondloop sonder toestemming<br>7. Terugpraat (nie saak stel nie)<br>8. Rommel strooi<br>9. Wegbly sonder verskoning<br>10. Afskryf van tuiswerk<br>11. Vloek<br>12. Baklei<br>13. Leuens | | 1. Herhaal van baklei of vloek<br>2. Herhaalde leuens<br>3. Herhaalde detensie<br>4. Vernielsug<br>5. Onsedelikheid<br>6. Stokkiesdraai<br>7. Diefstal<br>8. Ander kriminele oortredings<br>9. Rook, dwelms, drank<br>10. Afkyk in toetse en eksamens<br>11. Verlaat skoolterrein sonder toestemming |

JAKARANDASTRAAT | STREET
PROTEAHOOGTE | PROTEA HEIGHTS
BRACKENFELL 7560
021 981 1882
admin@bastionps.co.za
www.bastionps.co.za

**INTERVENSIE: GRAADVERHOOR**

Geagte Ouer/Voog

U kind, ________________________________, is herhaaldelik skuldig aan wangedrag. Sy/haar oortredings is op die d6-stelsel aangeteken en dit het geen positiewe effek op sy/haar gedrag gehad nie.

Dit is nodig vir hom/haar en u as ouers om Dinsdag voor 'n Intervensiekomitee (opvoeders van sy/haar graad) te verskyn.

Datum: ______________ Tyd: _______________

__________________
GRAADHOOF

__________________
H. van den Berg
(SKOOLHOOF)

**GRAADINTERVENSIEVERHOOR**

NAAM ____________________________________ GR. ________

DATUM ________________

Die bogenoemde leerder het vandag voor die Graadintervensiekomitee verskyn.

Die volgende is met hom/haar bespreek en die volgende reëlings is getref:

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

__________________ __________________
GRAADHOOF SKOOLHOOF

BASTION
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL

JAKARANDASTRAAT | STREET
PROTEAHOOGTE | PROTEA HEIGHTS
BRACKENFELL 7560
021 981 1882
admin@bastionps.co.za
www.bastionps.co.za

**UIT DIE KLAS GESTUUR**

U kind, ________________________________, is vandag uit die klas uit gestuur omdat hy/sy die klas ontwrig het.

Geen leerder het die reg om ‘n ander leerder die leerproses te ontneem nie.

___________________ ___________________
KLASOPVOEDER DATUM

___________________ ________________________
HOOF VAN DISSIPLINE SKOOLHOOF/ONDERHOOF

___________________
DATUM

..........................................................................................................................................................

Ek, ______________________________, ouer van _________________________________(leerder),

erken ontvangs van die brief UIT DIE KLAS GESTUUR met datum _________________

___________________ ___________________
Ouer handtekening Datum

## DISSIPLINêRE SITTING

Geagte Ouer/Voog

U kind, ________________________________ maak hom/haar telkens skuldig aan swak gedrag in die skool. Hy/Sy was al drie keer op detensie, maar dit het geen positiewe uitwerking op sy/haar gedrag nie.

Dit is noodsaaklik dat hy/sy Donderdag voor die Dissiplinêre-komitee (opvoeders van sy/haar graad) verskyn.

Datum: __________________ Tyd: ____________

________________________
Dissiplinêre-komitee

________________
H. van den Berg
(SKOOLHOOF)

## DISSIPLINêRE SITTING

NAAM _____________________________________ GR. _____________

DATUM ____________________________________

Bogenoemde leerder het vandag voor die Dissiplinêre-komitee verskyn.

Die volgende is met hom/haar bespreek en die volgende maatreëls is getref:

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

__________________________
DISSIPLINêRE-KOMITEE

___________________________
SKOOLHOOF

___________________________________
VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM

_______________________________
SKOOLHOOF / ADJUNKHOOF

____________________________________
DATUM

Geagte Ouers/Voogde

Ons is opgewonde om die opwindende nuus te deel dat <naam> nie net aan ons hoë standaarde voldoen het nie, maar dit selfs oortref het.

Sy/Haar buitengewone pogings, ywer om te leer, en onwrikbare toewyding het hom/haar punte bo die norm verdien.

Ons wil ons dank uitspreek vir die onskatbare ondersteuning en sterk waardes wat u in <naam> ingeprent het.

U invloed het ongetwyfeld bygedra tot sy/haar sukses.

Indien u enige vrae oor hierdie brief het of meer inligting benodig, moedig ons u aan om gerus met mev. Suné Oosthuizen in verbinding te tree by [Mev. Oosthuizen se kontakinligting].

Groete

____________________
KLASOPVOEDER

____________________
DATUM

____________________
HOOF VAN DISSIPLINE

____________________
SKOOLHOOF/ONDERHOOF

____________________
DATUM

Nagesien deur:  Sune Oosthuizen
Datum gewysig:  11 Februarie 2026